Kalender in Beeld 30 Dezember 1997

# Lappiesman se kuns in Goudstad

**Laetitia Pople**

Besoekers aan Prins Albert in die Klein Karoo het dalk al 'n man in lappies klere gesien wat 'n karretjie met 'n rits klein karretjies agter hom aantrek. 'n Maer man wie se gesig oopbreek as hy glimlag.

Waar hy ook al gaan, word hy gestop vir 'n storie of 'n geselsie. Sy stories gaan haal hy ver in die verlede en vertel dit opgewonde asof dit vanoggend gebeur het.

Sy naam is Jan Schoeman, of Outa Lappies, soos hy homself bekend stel. Hy is alom bekend as die Lappiesman van die Karoo.

Sy kunswerke (sy karretjie en 'n muur saamgestel uit rommelgoed en sement) is nou in die Johannesburgse Kunsmuseum opgeneem in die omvattende *Land en Lewens: swart pionierkunstenaars* onder kuratorskap van Elza Miles.

Die karretjie staan in 'n kamer met ou meesters se somber olieverwe.

Hy was op 'n kort besoek aan die stad om dié besonderse muur saam met 'n paar studente te maak en oor sy werk te praat.


"Sy kuns is 'n kroniek van sy lewe en die lewe van nomades wat die valleie en vlaktes van Suid-Afrika bewandel het," word van hom gesê.

Hy sê hy voel hy geëerd om sy "goetertjies" hier in die "hoë plek" te kom wys en vertel 'n storie.

Stories het hy baie. Soos die rede waarom hy net lappies dra. Toe hy nog "klonkie" was, het hy saam met 'n maatjie kerk toe gegaan. Die maatjie het 'n gelapte broek aangehad. Die dominee het die outjie gevra hoekom hy dan so kerk toe kom. Die outjie het laat spaander met Lappies agterna "dat die klippertjies spat". Lappies het daar en dan besluit dit is al wat hy voortaan sal dra.



**Jan Schoeman, alias Outa Lappies, voor 'n karretjie met al sy aardse besittings daarop wat hy al 10 000 myl agter hom aangetrek het.**



**Die agterkant van die karretjie is versier met Lappies en onbekendes se deurgeloopte stewels.**

Sy groot storie? "Ek het my hande en ek maak iets uit niks. Ek lag te lekker in my binneste boekie as ek ander mense se weggooigoed mooi maak en weer aan hulle verkoop vir 'n sjieling of wat."

Agter sy karretjie hang deurgeloopte skoene, platgedrukte koeldrankblikkies wat klein karretjies se dakkies uitmaak, buitebande en blink goedjies feestelik gerangskik.

Hy vra nie en kry tog elke dag genoeg vir die dag en leef sy pa se woorde aan hom uit. "My pa het gesê ek moet my hande draai na die aarde, nie bakhand na bo nie. Dan is ek 'n slaaf. Ek weet nie waar more se dinge vandaan kom nie. Dit kan R15 wees en is meer as genoeg. Daar is iewers 'n oog oor my."

Snags slaap hy op 'n paar planke in die boom sommer so langs die pad. Hy brand 'n kersie in 'n lantern om die slange bedagsaam te waarsku dat hy daar is.

"Ek wou al in 1929 hier na julle Goudstad kom, maar is gekeer. Hulle sê dis hol hier onder soos die mense gegrou het. Tot vandag toe het julle nog nie ingeval nie," so 'n lekker laggie borrel uit sy maag.

Sy karretjie het al 10 000 myl gehaal. Sy lewe teken hy op in 'n lapboek. Oral waar hy kom, vra hy vroue om 'n staaltjie uit sy lewe te borduur of met lappies uit te beeld op 'n meelsak of watter lap ook al ter hand is.

Hy het 'n st. 2-en-'n-half-sertifikaat, en hy het gesukkel om die half agter sy naam te kry, skerts hy. "Ek kan tot honderd tel. Hulle het maar min hoop vir my gehad, maar soos hulle sê, agteros kom ook in die kraal ek kry goeie voer," weer borrel hy oor.

Hy hou weer plegtig die ruwe hand uit. "Die lewe is mooi, maak dit mooier," groet hy. Dit is wat Lappies doen.

● *Land en Lewens* is tot Maart te sien.

SJA-0001-0005-009



# lender